higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LANDBOUBESIGHEID
NKR VLAK 3

(1011033)

21 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die verdeling van die bevolking in groepe en die ewekansige seleksie van lede uit elke groep:

A Vasstelling van 'n kwota
B Ewekansige steekproefneming
C Stratifisering
D Trosvorming

1.1.2 Enige bykomende produk wat deur 'n plant of dier geproduseer word en wat jy kan gebruik nadat die hoofproduk geproduseer is:

A Wins
B Operasionele produk
C Waardetoevoegingsproduk
D Neweproduk

1.1.3 Eenhede van werk wat deur 'n mens/mense verrig word:

A Man-ure
B Werkerspligte
C Oortyd
D Net werk vir mans

1.1.4 'n Raming van die kontantvloei in 'n onderneming oor 'n tydperk:

A Inkomstekontantvloei
B Kontantvloeibegroting
C Bedryfsinkomste
D Oortrekkingskontantvloei

1.1.5 Handelsooreenkomste in streke:

A Uitvoerhandel
B Invoerhandel
C Intrastreekshandel
D Tussenstreekshandel

1.1.6 'n Formele uitdrukking om die ontwikkelingstadium van 'n kommoditeit te beskryf wat die gehalte en dus die prys daarvan raak:

A Rypheidsindeks ('index of maturity')
B Bemarkingstrategie
C Kommoditeitsreeks
D Natuurproduk

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Enigiets wat verhandel word, maar in landbouterme het dit betrekking op enige produkte wat verkoop word:

A Reeks
B Organiese produkte
C Uitsetgehalte
D Kommoditeit

1.1.8 'n Ondernemingsbedrywigheid wat twee of meer mense of maatskappye saam begin en daarna deel hulle die koste, risiko's en winste:

A Gesamentlike bemagtigingsonderneming
B Gesamentlike onderneming
C Vennootskap
D Gesamentlike maatskappybesigheid

1.1.9 'n Ander term vir die oorblywende kontantsaldo:

A Gelyke kontantsaldo
B Verband
C Likiditeitsreserwe
D Volle kontantreserwe

1.1.10 'n Reëling met 'n bank of ander uitlener om geld tot en met 'n bepaalde bedrag te leen wanneer dit benodig word:

A Tekortlening
B Krediteure
C Premies
D Kredietlyn

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in jou ANTWOORDBOEK in te vul.

1.2.1 'n ... is 'n amptelike dokument wat toestemming verleen om goedere in Suid-Afrika in te bring.

1.2.2 'n ... dui die bedrag geld aan wat 'n onderneming aan die begin van 'n begrotingstyd tot sy beskikking het.

1.2.3 'n ... is 'n infrastruktuur wat gebruik word om mielies en sonneblompitte te berg.

1.2.4 ... beteken dat die toekoms beveilig word deur na die finansies en ander bates om te sien.

1.2.5 'n ... is 'n persoon of organisasie wat met verbruikers te doen het.

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Dravermoë	A	die reëls waarvolgens spesiale areas tot stand kom, ten opsigte waarvan wetgewing bepaal dat slegs bepaalde aktiwiteite daar mag plaasvind
1.3.2	Ewekansige steekproefneming	B	'n verskeidenheid lewende organismes wat natuurlik in 'n gebied voorkom
1.3.3	Teeltkoers	C	eenhede lewende hawe per vierkante meter
1.3.4	Soneringsregulasies	D	die frekwensie waarteen 'n dier geboorte gee en die aantal afstammelinge wat gebore word
1.3.5	Biodiversiteit	E	die kies van 'n trop diere wat onwillekeurig bestudeer word; daar word nie 'n spesifieke patroon gevolg nie
1.3.6	Lone	F	besoekers aan 'n wildsplaas moet toegangsgeld betaal
1.3.7	Omset	G	geld wat die bank jou betaal omdat dit jou spaargeld hou
1.3.8	Inflasie	H	daaglikse/weeklikse betalings
1.3.9	Belegging	I	die totaal van verkope, kontant en krediet
1.3.10	Rente	J	gemiddelde bedrag waarmee pryse verhoog
		K	die totale bedrag geld wat in 'n onderneming gebruik word om 'n wins te maak
		L	maandelikse betaling
		M	die meting van volhoubaarheid

(10 × 1) (10)

1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Bemarking is die handeling van koop en verkoop.

1.4.2 As die boerdery lewensvatbaar is, is dit maklik om volhoubaar te wees.

1.4.3 Veranderlike koste is direkte koste.

1.4.4 Data oor die vlakke van lewende hawe help die boer om vooruit te beplan.

1.4.5 Verkope bo die gelykbreekpunt het wins tot gevolg.

(5 × 1) (5)

1.5 Dui aan of die BOER of die REGERING die volgende infrastruktuur in stand moet hou. Skryf slegs 'Boer' of 'Regering' langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.5.1 Pluimveehok

1.5.2 Grondpaaie op 'n plaas

1.5.3 Nasionale paaie

1.5.4 Groot kragopwekkers om in die boerdery se behoeftes te voorsien

1.5.5 Telefoon

(5 × 1) (5)

1.6 Die volgende stellings is ONWAAR. Korrigeer elke stelling om dit WAAR te maak. Onderstreep asseblief die gekorrigeerde woorde.

1.6.1 Die produksieseisoen vir gewasse begin met die oesting en verkoop van die produkte en eindig met die voorbereiding van die lande.

1.6.2 Om bosluise op party van die beeste te tel of om grondmonsters uit verskillende dele van die veld vir toetsing te verwyder, is voorbeelde van landboupopulasies.

1.6.3 Landboubesighede hoef nie volhoubaar te wees nie aangesien hierdie ondernemings nie 'n belangrike rol in die ekonomie van Suid-Afrika speel nie.

1.6.4 Verkope bo die gelykbreekpunt het 'n verlies tot gevolg, terwyl verkope onder hierdie punt wins tot gevolg het.

1.6.5 Die kontantvloeibegroting toon slegs hoeveel geld by 'n onderneming invloei.

(5 × 1) (5)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord AL die vrae in AFDELING B.

VRAAG 2

Jy werk as bestuurder by UVS Vegetable Producers, 'n groenteproduksieprojek.

2.1 Jy wil seker maak dat jou werkers altyd met die een of ander soort werk besig is. Een manier waarop jy dit kan doen, is om jou dienste aan naburige projekte te verkoop ten einde 'n ekstra inkomste te genereer en salarisse en ander uitgawes te betaal. Jy moet navorsing doen om uit te vind of daar 'n vraag na sodanige dienste is.

2.1.1 Watter vrae sou jy by jou marknavorsingsvraelys insluit? (3 × 1) (3)

2.1.2 As VIER werkers vyf dae lank gebruik word om na plae in 'n projek te soek en jy betaal R85,00 per arbeider per vyf dae, wat sal die inkomste vir hierdie taak wees? Toon AL jou berekeninge. (3)

2.2 Jy produseer 3 000 koolkoppe op een hektaar grond. Agt koolkoppe word in 'n sak verpak om teen R20,00 per sak na Zimbabwe uit te voer.

2.2.1 Bereken die totale inkomste uit die koolkoppe. Toon AL jou berekeninge. (4)

2.2.2 Gee DRIE aanwysers van 'n landboubesigheid se ekonomiese volhoubaarheid betreffende die bemarkbaarheid daarvan. (3)

2.2.3 Dui DRIE reëls en regulasies aan wat jy moet ken as jy kool na die buiteland wil uitvoer. (3)

2.3 Noem DRIE instrumente wat jy kan gebruik om die hoeveelheid water in die grond te meet. (3)

2.4 Beskryf kortliks hoe jy die volgende gaan doen:

2.4.1 Maak seker dat die chemikalieë en plaagdoders wat jy in voorraad aanhou, nie verval het nie en veilig geberg word. (2)

2.4.2 Maak seker dat gereedskap en toerusting op 'n veilige plek gehou word. (5)

2.4.3 Samel data oor plae en siektes op die plaas voor en ná planttyd in. (4)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Noem die DRIE hoofbronne van inkomste in 'n boerdery. (3)

3.2 Goeie bestuurders bereken 'n gelykbreekpunt vir elke onderneming in die besigheid.

Op watter wyse is dit vir hulle voordelig? (3)

3.3 Die volgende eenheidskoste en inkomste is deur 'n boer vir 1 hektaar droë grondproduksie en vir die verkope van verskillende gewasse in 2015 begroot.

Bestudeer die tabel hier onder en beantwoord die volgende vrae:

GEWAS	KOSTE PER HEKTAAR	INKOMSTE PER HEKTAAR
Katoen	R4 348,00	R3 855,00
Sorghum	R2 955,00	R5 200,00
Grond-boontjies	R2 802,00	R2 950,00
Mielies	R5 210,00	R6 450,00

3.3.1 Watter een van die gewasse het nie gelykgebreek nie? Wat was die persentasie verlies? (2)

3.3.2 Stel TWEE metodes voor wat gebruik kan word om die verkope van die produk wat nie gelykgebreek het nie, te verbeter. (2)

3.3.3 Noem die gewas met die beste brutowinsgrens en dui aan hoeveel die bruto wins was. (2)

3.3.4 Bereken die persentasie wins wat uit mielies gemaak is. (4)

3.3.5 Bereken die totale inkomste wat uit AL die oeste gegenereer is. (2)

3.3.6 Bereken die totale persentasie wins vir sorghum en grondboontjies. (4)

3. 3.7 Bereken die opbrengs op belegging (OOB) aan die hand van die volgende formule:

$$OOB = \frac{\text{Totale inkomste – Totale koste}}{\text{Totale koste}} \times 100$$

(4)

3.4 Verskillende aspekte van volhoubaarheid word gemeet deur verskillende aanwysers in ag te neem. Noem die aspekte van volhoubaarheid van elkeen van die aanwysers hier onder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.4.1–3.4.4) in jou ANTWOORDBOEK neer.

AANWYSER		ASPEKTE VANVOLHOUBAARHEID
3.4.1	Plaaswerkers se lewensgehalte	
3.4.2	Grondwaterdiepte, afloopwater, grondverlies weens erosie	
3.4.3	Die landboubesigheid se winsgewendheid	
3.4.4	Die mate waarin die landboubesigheid aan regeringsregulasies voldoen	

(4 × 1) (4)

[30]

VRAAG 4

4.1 'n Kontantvloeibegroting is 'n raming van alle kontantinkomste en uitgawes in die mate waarin dit gaan voorkom. Die begroting kan weekliks, maandeliks of kwartaalliks opgestel word.

Gee SES redes vir die opstel van 'n kontantvloeibegroting. (6 × 2) (12)

4.2 Verduidelik die volgende:

4.2.1 Bates

4.2.2 Aanspreeklikheid/laste

4.2.3 Produkinkomste

4.2.4 Gradering

4.2.5 Handel

(5 × 2) (10)

4.3 Sit SES redes uiteen waarom boere 'n begroting moet opstel. (6)

4.4 Noem VYF faktore wat 'n boerderyonderneming se langtermynlewensvatbaarheid kan beïnvloed. (5)

4.5 Differensieer tussen *bruto inkomste* en *netto inkomste*. (2)
[35]

VRAAG 5

5.1 Noem SES belangrike redes vir marknavorsing. (6)

5.2 Noem TWEE maatstawwe wat 'n boer kan gebruik om vas te stel of 'n produk rypheid/volwassenheid bereik het of nie. (2)

5.3 Noem VIER faktore wat die terugbetalingstydperk van 'n lening sal bepaal. (4)

5.4 Noem DRIE praktyke wat in geïntegreerde plaagbestuur aangewend kan word. (3)
[15]

TOTAAL AFDELING B: 110
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou